# LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

**Graad een Akademiese kwartaalprogram (yskasbrief)**

**Tema: Water**

Geagte Ouer

Maak asseblief seker dat u op hoogte bly deur die yskasbrief noukeurig te lees. Die skool kom vanaf 11 November 12:00 uit. Tref asseblief die nodige reëlings met naskole. Ons doen deurlopende assessering. Ons versoek dat u kind asseblief nie onnodig afwesig sal wees nie. Die merietefunksie vind plaas op 26 November om 8:00 in die saal. **Slegs twee gaste** per leerder sal toegelaat word. Daar sal parkering op die rugbyveld wees. Verdere inligting sal volg. Die graadeen uitstappie na Rooihuiskraal Kinderplaas vind Vrydag 8 November plaas. As dit moontlik is, kan u kind groente, blare, brood en sade vir die diere saamneem. Sit dit asb in 'n plastieksak. Daar is nie 'n snoepie nie, dus moet die leerders hulle eie kos in 'n gemerkte kosblik saamneem. Ons maak gebruik van busvervoer en sal voor 13:00 terug wees by die skool. Smeer asb sonskerm aan by die huis. Die leerders trek hul geleentheidshemp en tekkies aan, daar is dorings. Goeie maniere is belangrik om die dag vir almal aangenaam te maak. Kinders moet streng by die reëls hou vir eie veiligheid.

## Week 1: 28 Oktober - 1 November

- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaans en Engelse speltoetse word Vrydag geskryf.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***
- **Afrikaans:**
  - Spelling: tien lief tier siek fiets wiel kriek mier bier vier
  - Klanke: Dubbelklanke word ingeskerp. Oefen meervoude en skryf `n storie.
  - Rympie: As boetie bad.
- **Engels:**
  - Story: The old lady.
  - Spelling: I an at as on
- **Wiskunde:**
  - Getalle, bewerkings en verwantskappe.
  - Geometriese patrone
  - Getal 20
  - Getalpatrone
  - Optel en aftrek, verdubbel en halveer.
  - Vorms
  - Woordprobleme
  - Massa
  - Dae van die week.
- **Lewensvaardigheid:**
  - Gebruike en vermorsing van water.

# MAAK JOU BREIN SLIMMER:

**Week 1:**

- Fynmotories: Gebruik jou wysvinger en verskillende kleure verf en druk elke sirkel van die prentjie met 'n kolletjie verf.
- Fynmotories: Ryg krale/pasta in tou.



# Week 2: 4 - 8 November

- Huiswerk word Maandag uitgedeel. Merk dit asseblief en handig Vrydag in.
- Afrikaanse speltoets word Vrydag geskryf. Geen Engelse spelling word hierdie week geskryf nie.
- ***Assessering vind deurlopend plaas.***
- **Afrikaans:**
  - Rympie: Skoon hande.
  - Spelling: reus neus seun deur geut neut leun sleutel geur dreun

    Skriftelike werk en lees.
- **Engels:**
  - NO English spelling
- **Wiskunde:**
  - Getalbewerkings
  - Verdubbel en halveer.
  - Vorms
  - Woordprobleme
  - Dae van die week.
  - Massa
- **Lewensvaardigheid:**
  - Veilige en onveilige drinkwater.
  - Waterbesparing
  - Kuns: Watersiklus.



# MAAK JOU BREIN SLIMMER:

**Week 2:**

- Visueel: Soek die prente wat wegkruip en omkring dit met kleurkryte.




**Baie sterkte met 'n besige twee weke.**
**Graadeen personeel**